## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Era | de Wet | 10/14 |
| Frik | Eckley | 10/14 |
| Brensa | Steyn | 10/15 |
| Stephen | White | 10/15 |
| Louisa | Botha | 10/16 |
| Heidi | Coetzee | 10/16 |
| Babs | Huysamen | 10/16 |
| Hester | v Heerden | 10/16 |
| Josua | Verster | 10/16 |
| Pine | Pienaar | 10/17 |
| Annette | van Zyl | 10/17 |

## NUWE INTREKKERSBOEK

As jy nuut is in ons gemeente, skryf gerus jou besonderhede in die nuwe intrekkersboek. Daar lê so 'n boek in albei ons kerkgeboue.

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

12 Oktober 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 12/10**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Spesiale Kollekte:
Straatwerk
Kategese
**Maandag**
Skole open
**Donderdag**
10h00 Versorgers kom byeen in L'Agulhas

**EREDIENSTYE 19/10**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Spesiale Kollekte:
Suideroord

## NUWE LIDMATE

Ons verwelkom belydende lidmate Jannie en Marietjie Maree van NGK Cradock-Noord.

*Uitreikvergadering, volgende Woensdag, 15 Oktober, om 9:30 by Struisbaaikerkgebou.*

## Blokbyeenkoms

Alfa en Protea blokke hou 'n gesamentlike blokbyeenkoms, 14 Oktober 17h30 vir 18h00. Kom geniet 'n gesellige aand met Woord en kuier. Bevestig asseblief u teenwoordigheid teen Maandag, 13 Oktober 2025. Dawie Theron 0828946070.

## Aandag!! Aandag!!

Take Away Friday 17 Oktober. Oondgebakte Hoender, Rys, Groente of Slaai. Gebakte Poeding met Vla. R95-00 elk. Beperkte aantal beskikbaar. Kontak Edna 0825842817 / Madie 0822932336 voor Donderdag, 16 Oktober om 12 uur.

## COENIE DE VILLIERS

Kaartjies vir ons koor se optrede saam met Coenie kan by Letty-Ann Möller (076 712 9026) bespreek word. Die konsert geskied op 20 Oktober in Bredasdorp se NG Kerksaal.

## KERSSANGDIENS - KOOR

Kom sluit by ons aan. Nou is die tyd! Ons begin in Oktober oefen aan ons repertoire vir KERSFEES! Ons oefen Donderdae in Struisbaaikerk, van 15h00. ALMAL is welkom! Kontak Christa-Marié by 0825562850.

**Teksvers vir die week:** Spr 31: 8 & 9
Praat jý vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan; praat, en lewer regverdige uitsprake, laat reg geskied aan die armes en ellendiges.

## Ons bid vir...

1. Straatkinders, sodat hulle kos en klere en geleenthede sal kry om hulle situasies te kan verbeter.
2. Al die onderwysers, dosente en leerders of studente wat hierdie laaste kwartaal moet voorberei vir eksamens.
3. Ouers wie se kinders moet eksamen skryf, veral dié van matrikulante.
4. Almal wat liefde en aanvaarding soek.
5. Diegene wat siek is.
6. Ons gemeente se bedrywighede.

### Dankie vir:

1. Nico Fourie se vrolike musiek tydens die basaar.
2. Die geseënde basaar vir Barmhatigheid.
3. Almal wat so lekker saamgewerk het vir die basaar.
4. Geleenthede om mekaar beter te leer ken.
5. Die matriekafskeide wat die matrieks spesiaal laat voel het.
6. Soveel seëninge wat ons ontvang.

**MAMMA MIA!** Vrydag, 31 Oktober, vier ons gemeente ons verjaarsdag met 'n heerlike ABBA KARAOKE. Jy bring jou eie piekniekmandjie saam, maar tee of koffie word by die prys ingesluit (R50 per persoon, maar kinders onder 12 betaal net R30). As jy wil, kan jy soos een van die Mamma Mia-karakters of soos 'n toeris op 'n Griekse eiland aantrek.
Plek: NG Kerk, Struisbaai
Tyd: 18h00 tot 22h00
Kaartjies is te koop by die Kerkkantoor.

### Wie en wat is STRAATWERK?

STRAATWERK het in die laat 1960's ontstaan. 'n Groep jongmense wat Vrydagaande bymekaar gekom het, het die behoefte gehad om uit te reik na diegene wat deur die gemeenskap verstoot is. Mense wat stukkend en in die nood was en na liefde gesmag het. Met 'n geleende voertuig, 'n skinkbord met toebroodjies en 'n primusstofie het hulle uitgegaan om Christus se liefde te deel.
Vandag is STRAATWERK 'n niewinsgewende organisasie, met 'n sterk fokus op evangelisasie.
Daar is gekombineerde inisiatiewe om vroue uit prostitusie te red. 'n Pad word met elke individu geloop ten einde die lewe in oorvloed in Jesus Christus te ontdek.

## Doen & Deel

### Oktober is DANKBAARHEIDSMAAND - STORIES VAN HOOP

**1**. Eendag het 'n klein seuntjie van die skool af gekom met 'n brief van sy onderwyser vir sy ma in die hand. Sy het hard asem geskep en toe hardop gelees: " Jou seun is 'n genie. Ons kan hom nie in ons skool akkommodeer nie. Gee asseblief self aan hom tuisonderrig." Met oë vol trane besluit sy toe om vir hom tuisonderrig te gee. Jare later het die seun een van die grootste uitvinders van die eeu geword. Hy het onder andere die elektriese gloeilampie, telegraaf, fonograaf, kamera wat rolprentfoto's kon neem en nog baie ander goed uitgevind. Toe sy ma dood is, het hy die geleentheid gekry om te lees wat werklik in die onderwyser se brief gestaan het,. Sy ma het dit in 'n dosie weggesteek. Daar staan toe soiets: " Jou seun is nie geskik vir skool nie. Hy is verstandelik gestremd. Ons weier om hom in hierdie skool toe te laat." Hierdie seun se naam was Thomas Edison. Hy het ure lank gehuil nadat hy die brief gelees het. Toe skryf hy in sy joernaal: " Thomas Edison was eens 'n kind wat as gestremd beskou is...wat, danksy 'n buitengewone ma, 'n genie geword het."

2. Daar is ook 'n storie van hoop vir 'n kind wat 4 jaar onder 'n brug gebly het. Die sjefskooldosent onthou sy lewe op straat. Lucky Masinya (32) was vanjaar die wenner van die kookkompetisie THE TASTEMASTER SA. Hy was 7 jaar oud toe hy op pad skool toe per ongeluk by verkeerde stasie afgeklim het in Springs. Hy kon nie sê in watter skool hy was of waar hy gewoon het nie en is toe in 'n kinderhuis geplaas. Daar was hy ongelukkig en het hy baiekeer in die kombuis gaan help. Op 17-jarige ouderdom is hy met sy ma verbind, maar dinge by die huis het nie gevlot nie. Toe loop hy weg en gaan woon vir 4 jaar onder 'n brug.
Kerkmense het uitgereik na die kinders onder die brug. Eers het hulle gereeld kos en klere gebring, maar later besluit om ook vir hulle vaardighede aan te laat leer en dalk werk te kry. Vir Lucky, wat toe 21 was, het hulle terug skool toe gestuur om matriek te maak. As 21-jarige in Graad 11, nadat hy 4 jaar laas op skool was, was dit moeilik, maar met ekstra klasse deur 'n vrywilliger, is hy deur. Hy het uitgeblink in Verbruikerstudies. Toe doen hy aansoek by 2 instansies, kry 'n beurs by die sjefskool en blink later uit in fyngebak. Hy sê die kerkmense het sy lewe gered.
Hoe lyk dit? Kan ons sinodale bydraes ook dalk 'n straatkind se lewe verander?